

8 Februarie - BEWAAR

Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:1-5

Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:5

Toe ons Here Jesus uit die dood opgestaan en na die hemel opgevaar het, het Hy vir ons 'n hemelse erfenis verwerf. Petrus beskryf hierdie erfenis as *onverganklik*, *onbesmet* en *onverwelklik*. Boonop verseker hy sy gelowige lesers dat hierdie erfenis in die hemel vir hulle in bewaring gehou word. Die gelowige se toekoms in die ewige heerlijkheid van die hemel word deur God Self *in veilige bewaring* gehou. Daar is dus geen onsekerheid oor die plek waarheen ons as gelowiges op pad is nie. Daar sal dus ook nie 'n onaangename verrassing op ons wag die dag as ons sterf nie.

Wat verder nog meer troosvol is, is die feit dat die apostel Petrus sê dat die gelowiges ook bewaar word. Hier op aarde, terwyl ons op pad is na ons hemelse erfenis, word ons bewaar. Die Here laat ons nie maar aan ons eie lot oor terwyl ons op die smal pad moet loop en aan die wedloop moet deelneem nie. Ja, al word die hartseer byna te veel of die pyn amper ondraaglik; al word 'n mens moeg en soms selfs moedeloos, die Here los jou nie. Hy het mos belowe dat Hy by ons sal wees tot met die voleinding.

Petrus sê op hierdie pad na ons hemelse erfenis word ons deur die krag van God bewaar. Hy is mos almagtig. Paulus sê juis in Efesiërs 1:19 en 20 dat God met dieselfde lewewekkende mag in ons werk as die krag wat Hy uitgeoefen het toe Hy Christus uit die dood opgewek het! Ja, dit is die krag waarmee Hy ons elkeen bewaar.

Dit beteken natuurlik nie dat ons op hierdie aarde glad nie aan pyn en lyding blootgestel sal word nie, intendeel, dikwels ly gelowiges meer en selfs erger as ander mense, maar ons word juis in ons pyn en lyding van hierdie bewarende krag van God voorsien. God bewaar ons immers so dat niks ons van sy liefde kan skei nie (lees gerus ook Rom 8:31-39).

Sing: Skrifberyming 5-4:3-6

Dr. DJ de Kock (Krokodilrivier)